# e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

**28 Januarie 2010**
**Jaargang 2 – Uitgawe 46**


## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad


**Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!**

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

# VOORBLAD

## Oor megakerke

**Die onlangse mediadekking oor die Moreletaparkgemeente wek weer eens vrae oor die megakerkverskynsel dwarsoor die wêreld. 'n Megakerk is waar 2 000 of meer mense dienste in 'n gegewe week bywoon. Waar 10 000 of meer mense eredienste bywoon, word van gigakerke gepraat, hoewel dié term nog nie algemeen in gebruik is nie.**

Vyf van die 10 grootste megakerke word in Suid-Korea gevind, met die Yoido Full Gospel Church as die grootste ter wêreld met 830 000 lidmate. Die grootste megakerk in die VSA is die Lakewood Church in Houston, Texas, waar Joel Osteen die senior leraar is en 47 000 mense weekliks die eredienste bywoon. In Suid-Afrika is megakerke reeds 'n bekende verskynsel met die Rhemakerk en Moreletapark as enkele voorbeelde.

By elke megakerk is 'n leierleraar wat as primêre visiedraer funksioneer en hom oor tyd heen vestig as dinamiese prediker en onbetwiste leier. Dit het die uitwerking dat die erediensbywoning toeneem en deurentyd momentum opbou, totdat skares daarheen stroom. Iets van hierdie tendens word ook in die Bybel beskryf waar mense na Johannes die Doper gestroom het (Mark 1: 5). Jesus het by geleentheid 5 000 man alleen gevoed na die wondervermeerdering van vyf brode en twee vissies. In Handelinge 2: 41 word die hoeveelheid mense (3 000) vermeld wat op Pinksterdag tot bekering gekom het.

Predikers het van vroeg af reeds skares gelok. Tog is skares in wese onstabiel en redelik uitgelewer aan trek- en suigkragte. Jesus (Luk 9: 23) het self 'n onrustigheid aangevoel toe Hy na die wondervermeerdering die eise van dissipelskap uitgespel het. By die kruistoneel was die skares van voorheen nêrens te sien nie. By Paulus se werk as sendeling onder die heidene is dit nie groot skares waaraan 'n mens dink nie; 'n mens kom eerder onder die indruk van die stille dog kragtige werking van die evangelie van huis tot huis en van gemeenskap tot gemeenskap. Teen 300 nC het Christene 'n skamele 9,9% van die Romeinse Ryk uitgemaak; tog was hulle invloed in die eerste drie eeue ver meer as wat hulle getalle geregverdig het. Dit het Konstantyn genoop om die Christelike kerk in 313 nC as wettig te erken.

Die skares by megakerke wek onrustigheid. Waar kom hulle vandaan? Hoe toegewyd is hulle? Die antwoorde is meesal voor die hand liggend. Die groei kom hoofsaaklik uit die omliggende kerke en gemeentes. Dit laat talle leraars en gemeentes met 'n gevoel van ontoereikendheid en 'n lae selfbeeld. In omgangstaal word dikwels na hierdie verskynsel verwys as *the circulation of the saints*. Kenners waarsku ook teen 'n gebrek aan kwaliteit dissipelskap by megakerke omdat navorsing wys dat klein gemeentes baie meer effektief is. Sommige besoekers by megakerke verval maklik in 'n anonimiteit waar hulle net wil ontvang sonder om werklik betrokke te raak – dit is tekenend van die onafhanklike individualisme en 'n verbruikersmentaliteit was so eie aan ons tyd is.

Dit wil voorkom of die fenomeen van megakerke nog lank met ons gaan wees. Die wesensvraag by elke gemeente van watter grootte ook al, is nie die vraag na getallegroei nie. Primêr gaan dit oor die impak wat die gemeente op die gemeenskap het. Verkondig die evangelie tydig en ontydig. Kweek dissipels wat die implikasie begryp van ware dissipelskap waar hulle as gestuurdes elke dag woon en werk, en God sál sy seën gee.

**Ds André Ungerer**


**Skakels**

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
*Die Hervormer* **www.hervormer.co.za**
*e-Hervormer* **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Ds Anneke Viljoen



Dr Estelle Dannhauser

## Beroep ontvang

- **Ds Anneke Viljoen** (beroepafwagtend) na Pinetown (deeltyds)

## Beroep aanvaar

- **Dr Estelle Dannhauser** van Kempten (benoeming) na Springs (deeltyds)

## Vakante standplaas

- **Gemeente Theresapark** se huidige predikant aanvaar op Sondag 28 Februarie 2010 emeritaat. Die gemeente wil so gou moontlik daarna die vakante **volsorgstandplaas** vul, en wag daarom aansoeke in van predikante wat oor minstens 10 jaar ervaring in die bediening beskik. Daar sal van kandidate verwag word om, na indiening van die aansoek en CV met 'n kort beskrywing van persoonlike visie en vaardighede, in gesprek te tree met die beroepskomitee, die gemeente op 'n Sondag saam met sy/haar gade te besoek en die erediens te lei. Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Aansoeke moet die gemeente **voor 31 Januarie 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba, Hennie Venter, by Posbus 43524, Theresapark 0155, of per e-pos na **nhtheresapark@absamail.co.za**. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568 of 073 099 3699.

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Voorbidding word gevra vir die volgende predikante wat siek is of herstel na operasies:**

  - Ds Louis Pienaar
  - Mev Petronella Schroeder (vrou van ds Jan Schroeder)
  - Mev Babs Botha (vrou van prof Schalk Botha)
  - Dr Wilhelm Coetzer
  - Dr Jan Oberholzer
  - Ds At MacDonald
  - Ds Johann de Bruin
  - Ds Sonia van Wyk

- **Die volgende predikante verjaar in die volgende week,** en word hartlik geluk gewens:

  | | |
  |---|---|
  | Donderdag 28 Januarie: | Ds Sanet van der Walt |
  | Vrydag 29 Januarie: | Dr Jaco Beyers, di Eduard Engelbrecht en Heloïse Herbst |
  | Saterdag 30 Januarie: | Ds Eksteen Botes |
  | Maandag 1 Februarie: | Di Fanie Naudé en Andries Nel |
  | Woensdag 3 Februarie: | Di Tinus McDonald en Almero Oosthuizen |

Prof Johan Koekemoer

- **Prof Johan (JH) Koekemoer**, emeritusdosent in Dogmatiek en Christelike Etiek en voormalige dekaan van die Fakulteit Teologie Afdeling A by UP, vier eerskomende Sondag sy 50ste jaar in die bediening. Hy en sy vrou, Issie, is tans lidmate van

Gemeente Buffelspoort (voorheen Marikana). Hy lei die oggenderediens om 09:00 in die nuwe kerkgebou wat geleë is op die ou Rustenburg-Pretoria-pad. Kollegas en belangstellende lidmate is welkom om die geleentheid by te woon. Meer besonderhede kan van ds Neels van Tonder verkry word, by 072 633 3367 of **nvtonder@vodamail.co.za**.

- **Die volgende predikante is vanjaar 25 jaar in die bediening:**
  Di Stephen de Beer, Buddie Dupper, Frans Oosthuizen, Adriaan Roets, Piet van Wyk, dr Gert Malan en prof Ernest van Eck

- **Die volgende predikante is vanjaar 50 jaar in die bediening:**
  Proff Johan Koekemoer, Gert Pelser en ds At MacDonald

- **Die volgende predikante is vanjaar 60 jaar in die bediening:**
  Proff Ben Engelbrecht, Theo Koekemoer, di Koos Naudé en Piet van Staden

Ds Mariaan Schutte

- **Nicolaas Jacobs van Gemeente Nigel** laat weet soos volg: Ek kuier tans in Nieu-Seeland. Groot was die verrassing toe ons die Kersdiens bywoon en 'n Hervormde predikant lei die diens. Die kerk vir Afrikaanssprekendes is die ACK, die Afrikaanse Christenkerk. **Ds Mariaan Schutte** het afgelos vir die vakansie. Ons wil die hoop uitspreek dat sy 'n volwaardige gemeente kan bedien in Wellington waar haar man praktiseer as dokter. En dit is wonderlik om die *e-Hervormer* op my e-pos te ontvang!

- Kan ons iets by gemeentes in die VSA leer? **Prof Malan Nel** sê hy antwoord hierdie vraag sedert 1986 toe die eerste studietoer met 49 predikante na die VSA begin het. Die toer van **15 November tot 17 Desember 2010** onder leiding van prof Nel is nommer 9, en hy is oortuig dat dit een van die rykste ervarings van 'n predikant se bediening kan wees. Besoeke word gebring aan 21 plaaslike gemeentes (prof Nel monitor die meeste van hulle se bediening reeds 25 jaar en langer) met insette van hul leiers, en 6 teologiese seminaria met insette en perspektiewe van 14 teologiese leiers in hul vakgebiede. Vir meer inligting, skryf aan **m.mcnel@mwebbiz.co.za**.

- **Lekkerkerker – 'n versigtige eerste treetjie.** Die Lekkerkerker-blog vir **jongmense** het die afgelope week die lig gesien. Reeds op die eerste dag het een nuwe deelnemer aangesluit, en op dag vyf het dit al gegroei tot ses. Volgens die meningspeiling op Lekkerkerker dink 60% dat dit *kan werk*, en 40% persent meen dat dit *beste nuus* is. Hierdie verteenwoordig egter nog net die mening van vyf deelnemers. Op Lekkerkerker is daar ruimte vir jongmense om te gesels oor dit wat vir hulle van belang is. Ons klets, kuier en kliek (ons muise) en vorm geloofsverbintenisse in die kuberruim. Daar is selfs 'n voltydse berader aan diens wat jongmense vertroulik sal bystaan met probleme. Gaan kyk gerus by **www.lekkerkerker.blogspot.com** en maak dit jou gunsteling rekenaar-kuierkamer.

- **Ilze Pretorius**, 'n lidmaat van **Gemeente Bergsig** in Pretoria, het **Mosambiek** van 2 tot 17 Desember besoek, en besluit om voortaan daar **sendingwerk** te doen. Sy sal veral met kinders werk. Ilze versoek dat enige gemeentes of individue wat haar kan ondersteun, byvoorbeeld met Bybels in Gitonga, Portugees of Shangaan, haar kontak by **pretoria@kovco.co.za**.

- Die **NHSV** vier op **22 en 23 Mei** hul **70ste** verjaardag. Hul beplanning vir hierdie feesjaar sluit die volgende in:

  - 'n Nuwe briefhoof met die getal 70 ingeweef in die logo
  - Kalender 2010, saamgestel deur die redaksie van *Die Christelike Vrou*
  - Sondag 14 Februarie 2010: Dankdienste en deurkollektes
  - Saterdag 15 Mei 2010: Feeskonsert met Hervormde kunstenaars

- Sondag 23 Mei 2010: Feesboodskap aan gemeentes
  Nuwe glansbrosjures word uitgedeel
  NHSV tee aan gemeentes
- 17 streekbyeenkomste in 2010 ter viering van die 70ste bestaansjaar
- NHSV fotobeeld en boodskap in die Mei 2010-uitgawe van *Konteks*




- Gebruikers van die ***Almanak*** moet enige **wysigings** aan inligting asseblief deurgee aan mev Karen Breedt, 012 322 8885 x257 of **karen@nhk.co.za**, sodat dit betyds op die stelsel aangebring kan word. Voorstelle vir en kommentaar oor die *Almanak* kan gestuur word aan die redakteur, ds Kálmán Papp, by **papp@biblesociety.co.za**.

- Die volgende *veranderings* kan nou aangebring word in die 2010-uitgawe:
  - **Bl 30:** Ds Faan (S) Visser van Lichtenburg-Oos se selnommer het verander na 082 813 0930. Vervang die 2 selnommers daarmee. Die voorsitter van hul Diakensvergadering is nou mnr Danie Reichel met selnommer 083 271 0124.
  - **Bl 104:** Die nuwe voorsitter van die Ouderlingevergadering van Gemeente Vryheid is oudl Werner Meij. Sy kontakbesonderhede is 072 147 9525 en **werner@signcentrevryheid.co.za**.
  - **Bl 117:** Ds Herman (HP) Meyer van Gemeente Jeffreysbaai se vrou se naam is Jessica. Vervang asseblief sy werkstelefoonnommer met 042 296 2448 (dit is ook die faksnommer). Sy selnommer bly onveranderd.
  - **Bl 168:** Emerituspredikant ds Gerrie (GPJ) Grobler se korrekte selfoonnommer is 083 378 9503.
  - **Bl 169:** Emerituspredikant ds WP Prinsloo se vrou se naam is Berna. Sy enigste telefoonnommer is 014 717 5657.
  - **Bl 170:** Emerituspredikant ds Koos (JP) Snyman woon nou in Pretoria. Sy adres is Meerlust Villas 706, hv Meerlust- en Curastraat, Equestria uitbreiding 96, 0184; Posbus 75603, Lynnwoodrif 0040. Sy selfoonnommer is 083 529 2858.

## Kampe en toere

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied ’n **Vrouekamp** aan van **5 tot 7 Februarie** by Mopani Lodge net buite Pretoria. Die aanbieder is ds Janine Bevolo-Manders, en die tema *Bon Voyage – 2010 in*. Kontak Janine by **bevolo@arestan.co.za** vir meer besonderhede.

- **Kom toer saam met *Konteks.*** Daar is net enkele plekke oor. Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van **dr Hennie van Deventer** na die Natalse Middellande**.** Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.

- Daar is ook nog net ’n paar plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog ’n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

## Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Ottosdal Draf- en Trapfees Saterdag 30 Januarie.** Hierdie halfmaraton is in die verlede al as die bes georganiseerde halfmaraton geklassifiseer deur die

tydskrif *Runners' World*. Dit is 'n baie groot gemeenskapsprojek, en hardlopers kan meeding in 42 km, 21 km, 10 km of 5 km wedlope. Dit is ook 'n Comrades kwalifiserende wedloop. Dit vind in die aand plaas op 'n stil pad wat met fakkels verlig word. Dieselfde oggend kan fietsryers aantree vir 'n 100 km, 60 km, 20 km of 10 km padfietsren, of 'n 40 km en 20 km bergfietsren.

Rig algemene navrae aan Willa Naudé by **willa@ottosdaldrafentrap.co.za** of 073 526 4536, en navrae oor akkommodasie aan Linda Laas by 072 191 6481. Meer inligting is beskikbaar by **http://www.ottosdaldrafentrap.co.za/**

- **Gemeente Mafeking** se jaarlikse **gholfdag** vind plaas op **Saterdag 27 Februarie** by die Leopard Park Gholfklub in Mafikeng. Belangstellende borge kan die organiseerders kontak en op die gholfdag hul advertensie aanbring by Leopard Park Gholfbaan. Hulle sal vooraf publisiteit geniet in die gemeente se advertensies. Kontak die hooforganiseerder, Pokkels Ackerman, by 082 555 0683 of **sheriffmolopo@hotmail.com**.

- **Van Rensburg Monumenttehuis** vir bejaardes in Pretoria-Wes bied hul 13de **Klap 'n Tekkie pretloop** aan by die Fonteine in Pretoria op **Saterdag 27 Februarie.** Maak dit 'n gesinsuitstappie en bring die hele huisgesin, al die kinders, babas in stootkarretjies, familie, vriende, kollegas, ouens in rolstoele en die hondekinders aan halsbande saam. Kom stap die 1, 5 of 10 km in die mooi skaduryke en veilige omgewing. Vir meer inligting, besoek die webblad **www.klapntekkie.co.za**, of kontak Elma du Plessis by **ruelma@vodamail.co.za**, 012 377 0786 of 082 954 7955, of Marietjie Aldum by **marietjie@aldum.co.za**, 082 495 3350 of 012 807 6652, of Magda Bolton by 082 391 6587 of 012 807 4835.

## Basaars en markte

- **Gemeente Nelspruit** hou op **Saterdag 30 Januarie 2010** die 5de **Maroelafees** op die kerkterrein in Belladonnastraat, Nelspruit. Dit is midde-in die hoogseisoen van die maroela, en al die aktiwiteite vind plaas rondom hierdie besonderse inheemse vrug. Hulle begin reeds om 08:00 en sal tot laat bedrywig wees. Toegang is gratis! Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455.

# *ANDER NUUS*

Mnr Richard Beech

- Een van die skoolhoofde met wie die **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)** nou saamgewerk het, mnr Richard Beech van **Sonitusskool vir Gehoorgestremdes**, is op 20 Januarie skielik oorlede. Hy word oorleef deur sy vrou en 'n dogter. Die roudiens vind Donderdag 28 Januarie om 14:00 plaas vanuit die NG gemeente Magalieskruin.

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die **Junie/Julie-skoolvakansie** van elke jaar. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Hervormde Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**; tel 012 420 5393 of faks 012 420 4303. Die **sluitingsdatum** vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **30 April** van elke jaar.

- **Die Verenigende Christen-Studentevereniging** (hoofkantoor Stellenbosch) beskik oor die vakante pos **Nasionale Organiseerder: Studentebediening.** Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die organisering van jaarlikse vakansie-/stranddienste, koördinering van die VCSV se MXP-Diensjaarprogram, en die stigting en ondersteuning van VCSV-takke by tersiêre instellings. Die **vereistes** is 'n toepaslike tersiêre kwalifikasie (onderwys, jeugwerk of teologie), 'n

roepingsbewustheid en passie vir Christelike jeugwerk, die vermoë om visioenêr en kreatief leiding te gee en om onafhanklik te werk, organisasievermoë, rekenaargeletterdheid, bewese aanbiedings- en fasiliteringsvaardighede, kennis en ervaring van Christelike jeugwerk, bestuur en administrasie en die VCSV-struktuur, en 'n bereidheid om te reis.

Betrokkenheid by vakansiedienste, diensjaarprogramme of kampusbediening sal 'n aanbeveling wees. 'n Onderhandelbare vergoedingspakket word aangebied. Stuur 'n aansoekbrief met 'n CV **voor 29 Januarie** aan die Adjunk- Uitvoerende Hoof: VCSV, Posbus 25, Stellenbosch 7599, of e-pos na **dawn@vcsv.co.za**. Navrae kan gerig word aan 021 887 0212.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 29 Januarie: Predikantepensioenfonds en Personeelpensioenfonds
  - Dinsdag 2 Februarie: Raad vir Apostolaat en die opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)
  - Woensdag 3 Februarie: Kinderhuise se Dagbestuur
  - Donderdag 4 Februarie: Taakspan

# ADVERTENSIES

**Vakansieverhuring:** Huis met praguitsig in **Heroldsbaai** te huur gedurende **April 2010.** 3 slaapkamers, 2 badkamers, binnebraaiplek, groot stoep, ontspanningsarea, waskamer en enkelgarage. Slaap 6 tot 8 persone. Die huis is in 'n sekuriteitskompleks geleë. Minimum verhuringstydperk is 3 nagte. Die tarief is R550 per nag, elektrisiteit uitgesluit (koopkrag). Duvets en kussings word voorsien, maar die huurder moet eie linne en handdoeke saambring. Foto's is op aanvraag beskikbaar (sien ook die foto hierby). Deposito van 50% is betaalbaar. Skakel M van Deventer by 012 346 2653 of e-pos **interword@icon.co.za**.

## Advertensievoorwaardes

Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, op die volgende voorwaardes:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 630 5153. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Asseblief, moenie vra dat ons uitsonderings maak nie!
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.
- Met ingang van die uitgawe van 4 Februarie is die koste R114 per plasing. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005

**Verwysing: SENTIK Ads**

## God is met ons op pad in 2010

**Die Januarie/Februarie 2010-uitgawe van *Die Hervormer* sal teen die einde van die week beskikbaar wees. Die tema van dié uitgawe is *God is met ons op pad in 2010.***




Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, skryf in sy redaksionele berig oor God se teenwoordigheid in ons lewens. Ons is nie alleen nie. God is met ons op pad. Reeds te midde van hierdie aardse lewe, maar ook tot in ewigheid. Daar sal altyd rampe, siektes, oorloë, hartseer en ander ellendes in hierdie lewe wees. Dit is deel van hierdie lewe. God vat nie sy kinders weg uit sulke situasies nie. Maar God voorsien en versorg ons te midde daarvan. En tog is hierdie lewe nie al wat ons het nie. God is ook met ons op pad na 'n nuwe toekoms, 'n nuwe hemel en aarde. Ons bely dit as die ewige lewe.

Ons kan hierdie nuwe jaar met geloof en hoop tegemoetgaan. Ons hoef nie bang te wees vir die toekoms nie. Maar ons moet ook nie ooroptimisties wees oor hierdie lewe nie. God is met ons op pad. Mag ons as Kerk en elkeen van ons in ons persoonlike lewens, dit in hierdie jaar beleef.

In dieselfde uitgawe is 'n resensie van **dr Lindeque** oor die nuwe film *2012*, waarin hy onder meer mense se vrese oor die naderende eindtyd besweer.

**Dr Daan van Wyk (jr)** verduidelik ook waar ons staan in ons onderhandelings met die World Alliance of Reformed Churches (WARC).

## LESERSKOMPETISIE 7

Die wenner van Leserskompetisie nr 5 (November 2009) is Ansie Fourie van Glencoe. U wen Johan Smit se boek *Saam met Petrus op pad.*

Die wenner van Leserskompetisie nr 6 (Desember 2009) is AE Pretorius van Louis Trichardt. U wen HG van der Westhuizen se boek *Kennis vir môre.*

**Leserskompetisie nr 7**

Vraag:
Watter deel van *Die Hervormer* lees u die graagste? A: Briewe/Gespreksforum. B: Hoofartikel (redaksioneel). C: Op die kerkwerf.

SMS die antwoord voor 28 Februarie 2010 na **071 229 8903**.

Die prys is *Perspektief op die Heilige Gees* van Stephan Joubert.

*** Teken in op *Die Hervormer* teen R80 vir 11 uitgawes. Kontak mev Susann van Zyl by 322 8885 x291, **sentik@nhk.co.za** of per faks by 012 322 7906. Besoek ook die webblad **www.hervormer.co.za** om 'n oorsig te kry oor die inhoud van *Die Hervormer* sedert die uitgawe van Januarie/Februarie 2008.

Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx